# GEESTELIKE PAD EN GROEI (3) – BINNEKAMER VERHOUDING

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Tema: INTIEME BINNEKAMER VERHOUDING**

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.**

-o0o-

Ek wil julle vanmôre baie ryklik seën in die naam van Onse Here Jesus Christus.

Ek wil julle graag seën met ‘n gedagte waarmee die Here my geseën het, en ek moet sê hierdie openbaring kom sommer so uit die bloute vanuit die Troonkamer van die Vader.

Die vraag is:

1. **Hoekom is dit so belangrik dat ek en jy ‘n intieme binnekamer verhouding met die Heilige Gees moet hê?**
2. **Hoekom is dit die hartklop van ons hele verhouding met Hom?**
3. **Wanneer kan die Heilige Gees in my woon?**

Die antwoord is baie duidelik. **Heilige Gees is Lig**. Waar lig is, kan geen duisternis heers nie.

Vanoggend het ek voor die Here stil geword. Voor ek myself gesalf en toegewy het aan die Here, het ek net ‘n bietjie met die Here gepraat oor die voorreg wat ‘n mens in Christus het om deel te kan hê in die Allerheiligste van God. Hier het ek vanoggend se boodskap ontvang. Ek kon net sit en Hom dankie sê dat ‘n mens vry en skoon kan wees.

**i) Die Allerheiligste** in die Ou Testament, is die plek waar God die hoëpriester se versoening aanvaar het. Dit was die plek waar God tussen die volk gebly het. Die hoëpriester moes seker maak dat hy rein, skoon en heilig was voor hy daar kon ingaan. Hy moes ook eers al sy offers bring en al die rituele voltooi het. In die Allerheiligste was die Verbondsark, die staf van Aäron wat gebot het, die toonbrode, die kruik en die manna en alles wat daar binne was. Alles wat vandag ‘n simboliek is na my en jou, my en jou tempel. Hierdie tempel moet deur die Bloed van Jesus Christus skoongewas word, vrygemaak word en versoen word met die Vader.

**ii) Vrygemaak** beteken om te sorg dat daar geen binding in ons lewe is nie; dat daar geen swart kolletjies op ons kleed is nie; geen demoniese magte meer in ons liggame is nie. Ons moet vrygemaak word van gebondenheid, want die Bybel sê in Johannes 8:36 As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. Jesus vra vir Petrus: *“Petrus van wie eis die konings van die hierdie wêreld belasting? Van die seuns of van die mense?”* Petrus antwoord: *“van die mense”.* Toe sê Jesus: *“dan is die seuns vry”.* (Daarop stuur Jesus vir Petrus om ‘n vis te vang om die tempelbelasting te betaal. Matthéüs 17:24-27). Ons moet vry wees van dinge wat ‘n invloed kan hê op ons verhouding met die Heilige Gees. Hoekom? Want Hy is die Heiligheid van God Homself.

Het jy al ooit ‘n bietjie voor die Here mooi gaan stil word en gedink aan die Heiligheid van God? Hierdie Almagtige, Alwetende, Alomteenwoordige, Alewige God. Soos ek sê: Die wêreld kan Hom nie beskryf nie, daar is nie genoeg woorde in die wêreld om Hom te beskryf nie. Noem Hom wat jy kan, hierdie God, wat deur Christus Jesus ons Vader geword het, het nie net daar gestop nie, maar in die

-o0o-

*volkomendheid van Sy Heiligheid,* in ons kom woon. Hy het niks, nie ‘n stukkie van Sy heiligheid agtergehou nie. Daarom praat die Woord ook in Romeine 1:4 van die Gees van heiligheid, die Heilige Gees. Daardie Heilige Gees kom woon in my en jou as ons al hierdie voorafgaande dinge gedoen, gesorg en voorberei het soos Jesus ook sê, *die huis uitgevee, skoongemaak en voorberei het, dan kan Hy is ons kom woon.* Lukas 11:25

**Hoekom kom woon Hy in ons*?*** Om daardie Woord deur Jesus Christus aan ons te openbaar. Om die Lig te wees wat gedurigdeur skyn, want waar daar lig is, mag die duisternis nie heers nie. Dit is ‘n wet. Duisternis kan net inkom in die afwesigheid van lig.

## 1. BELANGRIKHEID VAN BINNEKAMER

### 1.1 Die Lig moet uit ons skyn.

- Sy Lig, die Heiligheid van God skyn uit ons uit.
- Nou moet ek en jy gevoed word met brood, met manna.

Dit is so dat voor die grondlegging van die wêreld, het God ‘n boek oor ons geskryf (Psalm 139), waar Hy ‘n verbond met ons aangegaan het, ‘n lewende verbond wat Hy verseël het met die Bloed van Jesus volgens Hebreërs 13:20: Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het.

So, jou naam is geskrywe met die Bloed van die Lam. Die enigste element wat betrokke was met die skryf van jou naam voor die grondlegging van die wêreld, was die Bloed van die Lam. Daardie Bloed van die Lam getuig van ‘n verbond wat God met jou as mens, individueel aangegaan het, drome, ideale, doelwitte wat Hy gehad het, spesifiek vir jou.

### 1.2 Hoe gaan jy daardie doelwit bereik?

Jy kan dit nie alleen bereik nie, jy het die Heilige Gees nodig om dit te kan bereik.

Nou vat jy ‘n Bybel en jy maak hom in die môre oop. Dit is hoekom dit so belangrik is dat jy as eenheid, as persoon, een enkele person elke môre jou eie manna moet optel, net soos die Israeliete uitgegaan het en hulle manna vir ses dae moes gaan optel.

Ons is nou in die sesde dag en ek glo dit gaan die dag wees van dubbel porsie, die dubbel porsie wat uitgestort gaan word op die geesteskinders van God (manchild), waarmee ons die bonatuurlike werk gaan doen. Hoekom? Want daar lê ‘n sabbatsrus voor, die sewende dag van die millennium wanneer ons moet terug val op dit wat op die sesde dag ontvang is. Ons moet nou genoeg manna optel wat ons gaan deurdra deur die sewende dag.

Op die sewende dag gaan ons van daardie manna nogsteeds eet wat ons op die sesde dag gekry het. Dis geskrywe.

Dit is belangrik dat ek en jy elke môre as individu manna moet optel, want God is nie ’n nabootser nie. Hy het vir elke individu ‘n eie raadsplan. Jou plekkie is volkome klaar uitgewerk deur die Almagtige God, Vader, Woord en Gees voor die grondlegging van die wêreld. Daarom het die Raadsplan van God in werking gekom, sodat die Godheid hierdie hele plan aarde toegebring het in die volheid van Sy heerlikheid, van Sy grootheid en van Sy godheid, sodat dié wat wil hoor, sal hoor.

### *1.3* Verblinde Oë

2 Kor 4:3 Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan,

2 Kor 4:4 naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie.

-o0o-

Verskrilike woorde. Ons sit nou in 'n tyd waar Suid-Afrika vir Israel aangekla het by die Wêreldhof, wat vir ons almal eintlik 'n baie groot hartseer storie is, want hoe kan Suid-Afrika wat so groot christelike land is, nou omdraai en Israel aankla by die Wêreldhof? Selfs heidenlande veroordeel Suid-Afrika vir die verkeerde ding wat hulle gedoen het.

Dit is presies waarvan die Bybel praat. Mense wie se oë verblind is vir die evangelie, wat gekies het om nie te sien nie - nie gehoor het nie. Die evanglie is verkondig, hulle het gekies om dit nie te kry nie en hulle is dan vir altyd verlore. Dit is 'n verskrilke harde woord, maar dis 'n ware woord. Maar ek en jy wat die Lig in ons het, wat die Gees van God in ons het, wat die Gees van die opstanding in ons het, wat die Heilige Gees in ons het, ons het elkeen 'n doel, in die eerste plek hier op aarde, maar ook in die ewigheid.

### 1.4 Hoe gaan God ons voorberei vir die ewigheid?

Deur Sy Heilige Gees.

Elke individu wat daar is, elke persoon, gaan 'n rol speel. As jy die Lig in jou het, gaan die Lig jou transformeer. Die klippe word gekap, ver van die tempel af. Jy het nooit gehoor van klipkappers by die tempel nie (1 Konings 6:7). Hier op aarde word ons gevorm, word ons gemaak, hier bid ons vir mense, hier maak ons foute, hier oortree ons, maar in die ewigheid is daar nie plek vir foute nie, daar is alles volmaak. Hier kan ons die dinge doen wat ons moet doen, want die Heilige Gees sal ons onderrig en ons leer op die wat pad wat ons moet gaan; Hy sal vir ons raad gee en Sy oog oor ons hou.

Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

Hy sal ons help waar ons fouteer. Hy kom ons swakhede hier op aarde te hulp, maar nie in die ewigheid nie. In die ewigheid het ons 'n ander raadsplan, dan moet ons heers oor God se skepping, oor God se hande werk. Dan moet ons in volkomendheid heers oor die ewigheid en dan is daar nie plek vir foute nie want dáár is alles volmaak.

## 2. <u>BOU 'N VERHOUDING</u>

Ons bou 'n verhouding met die Heilige Gees. Nou moet ek my manna elke môre optel. Dit is belangrik dat ek my eie manna optel, want daardie manna wat ek optel, transformeer my en leer my. Ek ken die Heilige Gees beter; ek ken die Woord beter; ek ken die persoonlikheid van God beter; ek ken Christus beter; ek staan in 'n beter verhouding met die Heilige Gees; ek ken selfs my plan wat God vir my het beter. Ek begin nou reeds in die ewighed te investeer, te belê. Ek begin alreeds daarin deposito's te plaas. Ek sit dit weg in die annale van die hemele, ek laat toe dat die Heilige Gees myself toeberei vir die ewigheid, vir dit wat ek in die ewigheid moet bereik.

Dit is hoekom jy as persoon jou persoonlike verhouding met die Here moet hê, maar as jy getroud is, glo ek dat die eenheid kom ook iewers ter sprake. Daarom is dit belangrik dat ons by die Here sal hoor wat sê God vir die eenheid, vir die getroude egpaar. Waarvoor is julle daar? Wat van julle huise? Wat van julle kinders? Hoe spandeer ons tyd met mekaar? Bid man en vrou nog ooit saam? Lees ons nog saam uit die Woord? Breek ons nog saam brood? Spandeer ons nog tyd saam voor die Here? Praat ons nog saam oor die Here? Verduidelik ons nog vir mekaar wat die Here vir ons elkeen gegee het? Belangrik mense, want dit gaan ook 'n rol in die ewigheid speel.

### 2.1 Wie is daar tot jou hulp?

Psalm 103:20 Loof die Here, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord!

-o0o-

Die engele van God is daar om jou elke dag te help, om jou te beskerm, om jou te help met jou dag take want daar is take wat jy nie kan doen nie en waarmee die engele jou moet help. Maar hulle kan net doen wat hulle moet doen as hulle die saad, die Woord kry. Nou ontvang ek vanmôre die Woord, ek gee die Woord klank, ek lees dit hard op. Die engele wat God my gegee het om my elke dag te help, hulle hoor nou die Woord. Onthou manna is engel-voedsel, dit was eerste in die hemel gewees, wat afgekom het aarde toe, wat vir die volk gegee is. Wat simboliek is egter weer die terug draai, die manna wat Christus Jesus is, wat die woord van God is wat my versterk - ek ontvang dit, die Heilige Gees openbaar dit aan my, ek neem dit aan, dit ‘n betroue woord en werd om ten volle aangeneem te word. (1 Tim 4:9)

Daardie manna, die Woord, versterk die engele wat God vir my gegee het, en daardie engele het nou krag om die werk van God te doen aangaande my, aangaande my huwelik en aangaande my huis. Daarom is dit so belangrik dat ek en jy ‘n ordentlike binnekamer verhouding moet hê. Jy kan nie in die helfte begin nie. Jy kan nie ‘n wedloop in die helfte begin nie.

Omdat ons nou ‘n ordentlike binnekamer verhouding het, kan ek na die samekoms van die heiliges toe gaan en ek kan ‘n getuie lewer. Een het ‘n psalm, een het ‘n lied en nou kan ek sê “*mense ek wil julle vertel, ek wil getuig*”, van dit wat God in my lewe gedoen het. Dra nou vrug en die vrug verheerlik die Vader, want ek saai die saad nou in ander mense se lewens tydens die samekoms van die heiliges. Dit is nie kerk toe gaan nie. Kerk toe gaan vir ons niks help nie, want dit is ‘n afgewaterde storie en satan is daarmee baie tevrede. Die samekoms van die heiliges is geweldig belangrik. Dit is daar waar ek die getuienis kan uitlewer; volwassenheid van my verhouding kan uitlewer. Nou weet ek waarvan ek praat; nou kan ek dit op die tafel sit en kan ek daardie saad in ander mense se lewe saai; nou hoor ander mense.

Dit is presies wat ek nou doen met hierdie lesing. Ek saai nou saad in julle lewe van vrug wat in my lewe vrug dra. Jy kan nou kies of jy hierdie saad ontvang of jy kan dit verwerp. As jy dit verwerp, bly jy waar jy is. Moet dan nie eendag trane huil as jy nie tot geestelike volwassenheid gekom het wanneer Christus kom en jy moet agterbly nie. As jy geestelike volwassenheid wil bereik moet jy dit by ‘n geestelike volwassene kry. Nie omdat ek wil spog nie maar soos Paulus sê in 2 Korinthiërs 4:5

*2 Korinthiërs 4:5 Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus wil.*

Ek vertel julle nie van Gert nie, in teendeel vertel ek vir julle van dit wat die Heilige Gees deur my doen en bereik het en tot waar ek gekom het. Dit is wat ek sê, ek weet waarvan ek praat want ek saai saad. Nou is dit jou keuse om daardie saad te vat, dit jou eie te maak en nie om in ‘n kompetisie te gaan nie maar in ‘n verhouding met die Here Jesus Christus. Dikwels hoor ek mense sê “ek is nie waar jy is nie”. Mense dit is nie ‘n kompetisie nie; dan moet ek ook sê “ek is ook nie waar Paulus is nie, ek is ook nie waar Petrus is nie”. Nee, dit is geen kompetisie nie, maar wel ‘n liefdesverhouding. ‘n Liefdes-verhouding kan begin al is jy kind, dit maak nie saak nie. Dit begin in elk geval by verweking – dit is waar verhoudings begin. Die dag toe jy “ja” gesê het, het jy al klaar die liefde van God en Christus Jesus aanvaar. Jy is uit liefde verwek, jy is uit liefde wedergebore, *want so lief het God die hele wêreld gehad sodat Hy Sy enige Seun gegee het sodat almal wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê. Joh 3:16.* Dit is waar dit begin. Jy het nou ‘n pad wat jy moet loop en as jy daardie pad loop, sal jy die pad loop van geestelike groei tot geestelike volwassenheid.

## 3. <u>STOF TOT NADENKE</u>

En mense, die wonderlikste van alles is, jy hoef nie te sukkel nie. Die ouens wat sukkel, wie se lewens nie reg is nie, wat nie vrede in hulle lewe het nie, wat nie vrede oor hul omstandigheid het nie, gaan terug en ondersoek ‘n bietjie of hierdie dinge regtig in jou lewe is of is dit maar net ‘n afgerammelde storie? Het jy regtig ‘n intieme verhouding, het jou huwelik ‘n intieme verhouding, het jou huis gesin ‘n intieme verhouding? Ons moet hierdie dinge in plek kry. Dit is waarvoor God dit daar gestel het sodat

ons geleer en gehelp kan word, om vrede, rustigheid en kalmte te kan hê, ongeag wat ons omstandighede ook al is. Bestudeer gerus Paulus se omstandighede. Daardie man het dit nie altyd maklik gehad nie, maar hy het nooit gekla nie. Hy was tevrede gewees in alles waarin hy is.

Ek seën julle met hierdie gedagte, mag dit in jou gees vasbrand.

Mag die Here hierdie gedagte by jou laat groei tot 'n groot geestelike volwassenheid.

-o0o-

**Bykomende Skrifaanhalings in hierdie lesing**

**Romeine 1:2** wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte,
Rom 1:3 aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid
Rom 1:4 en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here,
Rom 1:5 deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene ter wille van sy Naam,
Rom 1:6 onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus Christus

**Lukas 11:24** Wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus; en as hy dit nie vind nie, sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het.
Luk 11:25 En hy kom en vind dit uitgevee en versierd.

**1 Konings 6:7** En toe die huis gebou is, is dit opgetrek van klippe, kant en klaar uit die breekplek: hamers en koubeitels, enige ystergereedskap, is nie gehoor by die huis toe dit gebou is nie.

**1 Timótheüs 4:9** Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word;

**1 Korinthiërs 14:26** Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied.

**Psalm 139:1** Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid. HERE, U deurgrond en ken my.
Psa 139:2 U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte.
Psa 139:3 U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend.
Psa 139:4 Want daar is nog geen woord op my tong nie—of U, HERE, U ken dit geheel en al.
Psa 139:5 U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my.
Psa 139:6 Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie.
Psa 139:7 Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?
Psa 139:8 Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!
Psa 139:9 Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon,
Psa 139:10 ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou.
Psa 139:11 En as ek sê: Mag tog net die duisternis my oorval en die lig nag wees tot my beskutting,
Psa 139:12 dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie, en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig.
Psa 139:13 Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef.
Psa 139:14 Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed.
Psa 139:15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.
Psa 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.
Psa 139:17 Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes, o God! Hoe geweldig is hulle volle som nie!
Psa 139:18 Wil ek hulle tel, hulle is meer as die sand; word ek wakker, dan is ek nog by U.
Psa 139:19 o God, as U tog maar die goddelose wou ombring! En julle manne van bloed, gaan van my af weg!
Psa 139:20 Hulle wat arglistig teen U spreek, u Naam ydellik verhef—u teëstanders!
Psa 139:21 HERE, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie?
Psa 139:22 Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!
Psa 139:23 Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes;
Psa 139:24 en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!

-o0o-